

### **SA PERE GAAN (UITEINDELIK) NA CHINA**

Hortgro, die beheerliggaam van die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf, het aangekondig dat marktoegang vir Suid-Afrikaanse pere na China, uiteindelik verkry is.

Dit kom na baie jare se harde werk deur 'n toegewyde span van die bedryf en die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling (DALRRD) se amptenare. Die internasionale reisbeperkings wat deur die Covid-19-pandemie meegebring is, het meer as 'n jaar tot die ondertekening van die Suid-Afrikaanse peerprotokol toegevoeg, wat aanvanklik in 2020 sou plaasvind. Die ondertekening was veronderstel om in persoon in China plaas te vind, maar na 'n lang gewag is besluit om die ooreenkoms afstandelik te onderteken.

"Ons is absoluut in ekstase. Hierdie proses het etlike jare gelede begin en is nou uiteindelik afgehandel," het Jacques du Preez, Hortgro se algemene bestuurder: handel en markte, gesê.

Suid-Afrikaanse appels het ses jaar gelede reeds toegang tot China gekry. Die peer protokol is onderteken en marktoegang ooreengekom deur die Chinese minister van GACC (algemene administrasie van doeane China) op 29 November 2021. Na afloop hiervan is die protokol via koerier na Suid-Afrika gestuur en op 13 Desember deur minister Thoko Didiza van DALRDD onderteken. As 'n finale stap moet pakhuis- en boordregistrasies en

verifikasies nog finaliseer word, voordat die eerste pere na China verskeep word—die proses is reeds aan die gang. Een van die positiewe uitkomstes van Covid-19 is dat hierdie verifikasie ook virtueel sal plaasvind.

“Ons wil die minister Thoko Didiza en haar amptenare bedank vir hul onverpose werk om hierdie ondertekening ’n werklikheid te maak. Ons wil ook die nodige erkenning gee aan die bedryfswetenskaplikes en spesialiste wat agter die skerms geswoeg het.”

“Ons sien uit na toekomstige nouer, wedersydsvoordelige, werksverhoudinge met die Chinese owerhede om marktoegang tussen die twee lande te bespoedig. Ons kan nie wag om ons eerste vraghouer met heerlike, eties-geproduseerde pere wat aan die strengste veiligheidsprotokolle voldoen na China te stuur nie. Ons beskou die Chinese mark as van kardinale belang vir die volhoubaarheid en groei van ons peerbedryf. Ons het ’n geweldige groei in die uitvoer van vrugte na ander Oosterse lande ervaar en nou kan Chinese verbruikers ook aan ons heerlike pere smul. ”

Volgens Du Preez was 22% van peer uitvoere in 2021 vir die Verre Ooste en die Asiatiese markte bestem. Die afgelope vyf jaar is gesonde groei in hierdie streek ondervind. Die voortslepende droogte wat in Suid-Afrika ervaar was, is grotendeels weens goeie winterreën gebreek en hoewel dit nog vroeg in die seisoen is, heers daar groot optimisme vir ’n goeie oes in 2022.

Boorde en pakhuis is by die DALRRD geregistreer in afwagting op toegang tot die mark, dus is Suid-Afrikaanse produsente en uitvoerders slag gereed om die Chinese mark so spoedig moontlik te bedien.

Die Suid-Afrikaanse appel- en peerbedryf het ook vroeg in 2021 'n markontwikkelingsveldtog vir appels in China geloods. Die veldtog sal nou ook in die toekoms pere insluit. Die program sal uitvoere ondersteun en hopelik laat groei en SA posisioneer as die voorkeurverskaffer van vrugte van topgehalte in hierdie groot mark.

Anton Rabe, uitvoerende direkteur van Hortgro, het gesê dat die verkryging van nuwe marktoegang en die instandhouding van bestaande markte een van die topprioriteite binne Hortgro is. "Ons het 'n multidimensionele span kundiges wat die markvoldoeningskwessies en vereistes hanteer. Die meeste van hierdie werk gebeur ongesiens. Wanneer ons tasbare resultate het, soos die ondertekening van 'n nuwe protokol vir 'n nuwe produk - in hierdie geval pere vir China - het ons rede om erkenning te gee aan elkeen wat 'n rol gespeel het om hierdie doelwit te bereik.

"Die verkryging van 'n mark van hierdie aard beteken nie dat groot volumes oornag uitgevoer word nie, en daar is nog baie werk om te doen, om hierdie mark, in vennootskap met die kommersiële rolspelers, te ontwikkel deur die potensiaal vir sinvolle volumes na China te optimaliseer. "

Vir enige navrae, skakel: Jacques du Preez [jacques@hortgro.co.za](mailto:jacques@hortgro.co.za)